DEEL 116 | WEEK 44 | 1 NOVEMBER 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Plaasmisdade styg skerp

## *Statistieke van misdaad op plase is kommerwekkend ten spyte van arrestasies*

Na die onlangse in hegtenis neming van 'n buitelander, wat vermoedelik betrokke is by plaas inbrake, het boere gehoop dat die misdaad sou afneem. Ongelukkig lyk dit egter asof dit nie die geval is nie. Die jongste statistieke wys dat misdaad op plase steeds hoogty vier, met 'n skerp toename oor die afgelope drie maande. Sedert Augustus tot hede is daar altesaam 40 misdaadsake aangemeld in die streek. In Augustus was daar 10 sake, 9 in September, en in Oktober 21. Dit beteken dat daar oor 81 dae gemiddeld elke tweede dag 'n misdaad plaasgevind het, vertel John Keogh, plaaswagkoördineerder in die omgewing. Keogh verduidelik dat 10 van hierdie gevalle verband hou met veediefstal, terwyl 28 gevalle van huis inbrake en poging tot huis inbrake behels het. Hy het veral sy kommer uitgespreek oor hondevergiftiging, wat in sommige gevalle as 'n ernstige waarskuwing gesien word en dikwels 'n voorloper tot plaasaanvalle kan lei. Onder die 28 gevalle was daar 2 insidente waar dompelpompe gesteel is, en verskeie ander insidente van hondevergiftiging, wat die veiligheid van boere en hul gesinne in gedrang stel. In een suksesvolle operasie het die plaaswag daarin geslaag om twee verdagtes te arresteer en 24 skape terug te kry wat aan Johan Germishuys op plaas Nuwe Engeland behoort. In 'n ander voorval is 'n arrestasie gemaak nadat die honde van Francois Naudé op die plaas Sunnyside vergiftig is. Die plaaswag het ook by Frans Muller ingegryp nadat misdadigers Sondagaand daarin geslaag het om sy motorfiets te steel. Hulle het egter in die donker lang gras verdwyn en kon nie gevang word nie. Dit is vermoed dat dit dieselfde twee is wat die Vrydag op Muller se plaas was en gereedskap gesteel het. Keogh verduidelik dat die gebied rondom Hoogte, Vegkop en Petrus Steyn die mees geteisterde gebiede is. 'n Verdagte is onlangs opgemerk op Pieter Baan se plaas genaamd Goedehoop uit op die Vegkop pad. Die man het rond geloer en na Pieter se skoonsuster, Marli Mouton, se plaas gegaan en later toegang tot die stoor gekry het, hoewel niks gesteel is nie.

Keogh het gewaarsku dat die toename in misdaad in die streek 'n ernstige kwessie is en dat daar vrese bestaan vir 'n moontlike plaasaanval in die toekoms. Wat die situasie meer kommerwekkend maak is dat die polisiestasie nie meer 'n voertuig beskik vir landelike beveiliging nie. Die voertuig is na bewering afgeskryf so daar word nie genoeg patrolie gery in die landelike gebied nie. Selfs in Heilbron is misdaad besig om buite beheer te raak, wat die druk op die plaaswag en plaaslike inwoners verhoog om sterker veiligheidsmaatreëls te oorweeg. Dié aanhoudende misdaad het talle boere in die omgewing met groot kommer gelaat en is 'n duidelike aanduiding dat meer ondersteuning van wetstoepassers en die gemeenskap benodig word om die landelike veiligheid te versterk.

*Op die foto: SAPD-lede wat plaaswag bygestaan het nadat die boere 'n arrestasie gemaak het op veediefstal.*









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## 10 Oktober - Internasionale Geestesgesondheid dag

*Die vorige week was daar gefokus op komponente van Geestesgesondheid. Die week is die fokus op belangrikheid van goeie geestesgesondheid.*

**TEKENS DAT JY DALK MET GEESTELIKE GESONDHEID SUKKEL**

Om tekens te herken dat jou geestelike gesondheid nie goed is nie, is noodsaaklik om stappe te neem om dit te verbeter.

**Hier is 'n paar algemene tekens:**

1. **VOLGENDE HARTSEER OF DEPRESSIE**
   - Voel af, hartseer of hopeloos vir lang tydperke.
   - Verlies aan belangstelling of plesier in aktiwiteite wat jy eens geniet het.
2. **ANGS EN OORTREFFENDE BEKOMMERNIS**
   - Voel die meeste van die tyd angstig of bekommerd.
   - Ervaar paniekaanvalle of konstante gevoelens van ongemak.
3. **VERANDERINGE IN SLAAPPATRONE**
   - Te veel of te min slaap.
4. **VERANDERINGE IN APPETYT OF GEWIG**
   - Beduidende gewigsverlies of -toename.
   - Veranderinge in eetgewoontes, soos ooreet of gebrek aan eetlus.
5. **MOEGHEID EN LAE ENERGIE**
   - Voel heeltyd moeg, selfs na voldoende rus.
   - Gebrek aan motivering om daaglikse aktiwiteite te doen.
6. **MOEILIK OM TE KONSENTREER**
   - Probleme om te fokus of besluite te neem.
   - Geheueprobleme of om geestelik "mistig" te voel.
7. **ONTTREKKING UIT MAATSKAPLIKE AKTIWITEITE**
   - Vermy vriende, familie en sosiale situasies.
   - Voel geïsoleer of ontkoppel van ander.
9. **IRRITEERBAARHEID OF WOEDE**
   - Voel buitengewoon prikkelbaar, gefrustreerd of kwaad.
   - Oorreageer op geringe irritasies of konflikte.
10. **SKULDGEVOELS OF WAARDELOOSHEID**
    - Ervaar intense gevoelens van skuld, skaamte of waardeloosheid.
    - Selfkritiese gedagtes en negatiewe selfgesprek.
11. **FISIESE SIMPTOME**
    - Onverklaarbare pyne en pyne.
    - Gereelde hoofpyne of maagprobleme.
12. **MIDDELMISBRUIK**
    - Toenemende gebruik van alkohol, dwelms of ander middels.
    - Gebruik stowwe om emosies of stres te hanteer.
13. **GEDAGTES VAN SELFBESADIGING OF SELFMOORD**
    - Dink aan of beplan selfskade of selfmoord.
    - Voel dat die lewe nie die moeite werd is nie.

As jy of iemand wat jy ken hierdie tekens ervaar, is dit belangrik om hulp van 'n geestesgesondheidswerker te soek. Vroeë intervensie kan 'n beduidende verskil maak in die verbetering van geestelike gesondheid.

**Waar kan jy hulp kry:**

- Adcock Ingram Depressie- en angshulplyn 0800 70 80 90
- Akeso Psigiatriese Reaksie Eenheid 24 uur 0861 435 787
- Kaapse Geestesgesondheidsvereniging (021) 447 9040




- Cipla Geestesgesondheid Hulplyn 0800 456 789
- Dr Reddy se Geestesgesondheidshulplyn 0800 21 22 23
- Gesondheidsorgwerkers Sorgnetwerk Hulplyn 0800 21 21 21
- LifeLine 0861 322 322
- Suid-Afrika Selfmoordkrisis Hulplyn 0800 12 13 14
- Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsgroep 011 234 4837
- Selfmoordkrisis Hulplyn 0800 567 567

Geestegesondheid is belangrik en die stigma moet daarvan gebreek word. Met die eise wat gestel word aan vandag se lewe, moet mens stop en na jouself kyk.



# Heerlik saam gekuier

*Saterdag, 26 Oktober 2024 was dit weer tyd vir Huis Bron-van-Heil se jaarlikse Basaar. Dit was 'n lekker sonnige dag met warm glimlagte, hartlike saamkuier en heerlike eetgoed. Baie dankie aan elke kerk en instansie wat vir ons hierdie dag help moontlik maak het. Pakworks, AVBOB en RSA Grain Storage Solutions het vir ons hul tente beskikbaar gestel. Van tent opslaan, tafels regsit tot baksters, braaiers, verkopers èn kopers, sonder julle ondersteuning sal hierdie dag nie moontlik wees nie.*

# Uiteindelik vind die rolstoelstap plaas



*Vir sommige inwoners was die windjie 'n bietjie te skraal; maar om en by 30 dapper stappers en rolstoelers het die pad gevat. Vir die eerste 'pitstop' sê ons vir Pakworks baie dankie vir die verversings. By die tweede 'pitstop' was daar heerlike yskoue koeldrank; en die stap is afgerond met 'n tjoklit by die eindpunt. Ná 'n heerlike saamkuier en saamsing, kon tevrede stappers die res van die dag aanpak. Op 12 November is dit weer die baie gewilde Noot vir Noot wat kwartaalliks aangebied word. Kom kuier gerus saam as jy in die omgewing is. Onthou ook van die kettieskiet en jukskei waaraan jy kan kom deelneem.*

# UIT DIE PEN: Week 44

Ek wonder vandag wat gebeur wanneer jou tenk leeg is. Met 'n voertuig is dit die maklikste ding ooit. Jy ry na die vulstasie, maak die tenk oop, vra die vriendelike mens om jou tenk vol brandstof te maak, betaal, en daar gaan jy.

Die tenk by die huis is die koskas. Amper dieselfde beginsel: wanneer dit leeg is of wanneer jy iets kort vir 'n dis, gaan jy na die naaste (of goedskoopste) winkel en vul die proviant aan. Betaal, gaan huis toe en gaan pak dit in die kas.

Bogenoemde natuurlik as jy dit kan bekostig. Andersins gooi jy maar sulke tjirtsies brandstof om net van die een punt tot by die ander te kom. Dieselfde met die kos: as jy nie regte-regte suurdeegbrood kan bekostig nie, koop jy maar ene van 'n bekende handelsnaam al proe dit soms soos kartonboks.

Dan is daar jou liggaamlike tenk. Die ene wat jy nie kan vul met kos of drank of swieties nie. Die tenk wat diep binne-in jou sit wat jy maar geheim hou vir ander. Amper soos wat Winston Churchill, en later my gryse ou pa, genoem het "die swart hond."

Daardie hond slaap nie. Glo my. Hy hou jou wakker. Baie keer kry hy die regte kos en berading en eksterne faktore, dan is hy stil. Op 'n goeie dag, wanneer daar nou genoeg verkeerd geloop het, lig die brakkie sy kop en gee 'n knor. Sommige dae skrik jy jou morsdood as hy begin blaf en luidkeels laat weet dat hy nog hier is. Net een knor of net een blaf. En jy weet die swart hond is 'n *alive and well*. En dit is nie asof jy hom aspris gevoer het nie. Dit gebeur net.

Dalk is dit wat ons altyd "Octoberitis" genoem het. Die siekte wat jy kry wanneer dit amper die einde van die jaar was.

Toe ek skoolgehou het, het die hele personeel dit klokslag elke jaar gekry. Dan het ons mekaar sommer vir niks in die hare gevlieg. Gewoonlik was die prysuitdelingsfunksie ook in die begin van Oktober, en die spanning wat daarmee gepaardgaan het die Octoberitis vererger. As die skoolhoof ons uitgehaal het, het ons dit op mekaar uitgehaal.

Daar is geen medikasie vir Octoberitis nie. Geen pilletjie werk nie. Niks nie.

Dalk moet ons Oktober skrap en sommer reguit in November inval. Dan is dit asof dit stiller gaan, want almal jaag om hulle werk voor die middel van Desember af te handel. En so wens ons ons lewens om.

Terug by die tenk. Ek wonder hoe mens jou lewenstenk altyd propvol hou. Ek wonder wat jy kan maak om die swart hond te laat lê of beter nog: hom permanent uit jou lewe te jaag?

Ek het al hier vertel dat die plek waar ek werk deur 'n moeilike tyd gaan. Nie as gevolg van enige huidige werknemer se toedoen nie. As gevolg van 'n vorige werknemer wat met sy handjie in die koekieblik gevang is. En as gevolg van 'n vorige-vorige werknemer wat ons in die middel van die belangrikste deel van ons werksiklus gelos het. En as gevolg van 'n vorige-vorige-vorige werknemer wat, toe sy bedank het, al haar werksdokumente van haar werksrekenaar afgevee het. Omdat sy kan.

Ek weet nie of jy die patroon sien nie: elke keer 'n kleinerige eksterne faktor waaraan nie ek of my kollegas iets kon doen nie. Daardie drie vorige werkers hou ons in die nag uit die slaap uit. Hulle hou ons bedags senuweeagtig, want ons weet nie wat hulle vir die kliënte beloof het nie. Hulle hou ons op ons tone, want dokumente moet van vooraf ontwerp word.

Hulle hou ons besig omdat hulle verkeerde goed gedoen het, en dit nogsteeds 'n rimpeleffek het.

Hulle voer ons swart honde.

Tans is my tenk dolleeg. Kos maak dit nie vol nie, want daar is nie iets wat baie, baie lekker is nie. Ten minste probeer ek elke dag my vitamine drink sodat ek relatief gesond kan bly.

Maar diep hierbinne, daar waar dit saakmaak: ek dink nie eers daar is 'n druppeltjie omgee in nie. Ek glo nie ek het die krag om iemand anders 'n druk te gee om te sê: "More gaan dit beter" nie. Ek wil nie in die oggend opstaan nie, ek sukkel om deur die nag te slaap.

Ek raak naar op 'n Sondagmiddag want ek moet Maandag weer kom werk. Ek voel soos 'n kind wat skoolsiek kry.

Maar ek is 'n volwasse vrou met verantwoordelikhede. Ek kan seker nie nou alles in die lug gooi, my werk bedank en by



die huis gaan sit nie. Ek is nog lojaal, effens minder as wat ek was. Ek is dankbaar vir my salaris en ek is bly dat ek nog my talente en brein iewers kan aanwend.

Maar of dit steeds lekker is? Gewis nee. Dalk gaan hierdie ook verbygaan. Dalk gaan die swart hond weer op sy sagte kombersie lê en slaap. Ek weet nie.

Ek weet dat hierdie waardeur ek gaan, erg is. Vir jou glad nie, want jou erg was sekerlik al erger as myne. Maar vir my is hierdie onhoudbaar.

As ek net 'n emmertjie kan kry om iets in my tenkie te gooi. Ek voeg gereeld Bybeltekse en gebede by. Dalk moet ek net effens geduldig wees totdat die twee goed gemeng is en vrug kan dra.

Kyk maar in hierdie maand na jou tenk. Jy het net een daarvan.

Oor my nie-meer-so-seer been: ek sukkel nog met 'n af-trappie. Ek oefen by die huis en kry dit reg om 'n kleinerige trappie baas te raak.

Treetjie vir treetjie. Solank ek net aanhou.

# Hoërskool Heilbron se 1964-matrieks hou hul 60 jaar-reünie

'n Heerlike weersiens en saamkuier is die afgelope naweek in Pretoria gehou om 60 jaar uit die skool te herdenk. 'n Groep was gelukkig om vyf jaar gelede, in 2019, ook as 'n hele paar ou matriekmaats bymekaar te wees, nuus en ervaring uit te ruil en ook in verbinding te kon bly.

Vanjaar is daar weer die spreekwoordelike perd opgesaal om almal wat ons nie so gereeld sien of van hoor nie, te kontak en opnuut bande van vriendskap met kosbare herinneringe te smee. Gelukkig kon daar heelwat van ons klasmaats bereik word, hoewel sommige te ver woon, en dit nie meer vir almal moontlik is om te reis nie, of ons ongelukkig reeds ontval het. Terwyl ander ongelukkig weens gesondheidsredes en/of reëlings met familie of vriende wat lank tevore reeds getref is, wel net in die gees tog daar was! - Dit is verstaanbaar en 'n teken van gevorderde jare!

Rika Oosthuizen, die hoofmeisie van 1964, het almal bedank vir die heerlike geleentheid, goeie gees en lekker saamkuier. Stories en staaltjies uit vergange se jeugjare is weer opgetower en afgestof. Mooi en interessante herinneringe is opnuut met nostalgie en die lekker "onthou jy nog" herleef. Baie vreugde, inligting, humor, omgee en waardering asook hartseer is met mekaar gedeel.

Met die groettyd was daar selfs voorstelle dat ons voortaan elke twee jaar moet probeer om so te maak!!



*Die klasmaats is van links na regs: Loen Klopper (Els), Ampie Venter, Corrie Armstrong (Van Coller), Amanda Malan (Dannhauser), Dawie Naudé, Hans van Vuuren, Chris Smith en Rika Oosthuizen (Swart). Op die foto regs is die eggenote wat die geleentheid bygewoon het, ook saam.*







COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING
ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL
ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS
Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937


# Vuurwarm gees by Bokkesport

Vrydag was dalk warm, maar die gees tydens Hoërskool Heilbron se Bokkesport was vuurwarm! Die jaarlikse Bokkesport het weereens groot opwinding gebring, met leerders en ondersteuners wat die skoolgronde gevul het in rooi en blou. Die kompetisie tussen die rooi en blou spanne was intens, met albei spanne wat hul beste gegee het om punte op te bou en hul gees ten toon te stel. Aan die einde van die dag het die Rooispan egter koning gekraai, en het die meeste punte verower. Die blouspan het weggestap met die geesbeker. 'n Dag vol sport, spanwerk en skooltrots – 'n hoogtepunt vir elke deelnemer en toeskouer!




Foto erkennning:
André Pretorius Fotografie
www.andrepretoriusfotos.co.za
Kontak Nicolene of WhatsApp vir toegangskode by 082 713 6434.

## Troukoors



*Cobus en Lise Oosthuizen is getroud op 26 Oktober 2024 te Gereformeerde Kerk Heilbron. Cobus is die seun van Rita Oosthuizen en wyle Nicolaas Oosthuizen van Vrede. Lise is die dogter van Ds. Tommy, Nicolene en Riëtta van Vuuren van Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Petrusburg.*




Ngwathe

**PUBLIC PARTICIPATION SCHEDULE OF MEETINGS ON IDP AND BUDGET REVIEW 2025/26**

Public participation Process will be commencing according to the following schedule. Communities and all key stakeholders of the public are encouraged to attend the meetings in their respective wards.



## PUBLIC/COMMUNITY MEETINGS OCTOBER/NOVEMBER

| DATE | TOWN | WARD | VENUE | WARD COUNCILLOR | TIME |
|---|---|---|---|---|---|
| 29 OCTOBER 2024 TUESDAY | EDENVILLE | 18 | N.G. KERK | CLLR M TOYI | 16H30 |
| | KOPPIES | 16 | PARK NEXT TO REBATLA THUTO | CLLR L SOTSHIVA | 16H30 |
| | VREDEFORT | 3 | MONTOELI HALL | CLLR KJ KHUMALO | 16H30 |
| | | 14 | KINGS MOTEL | CLLR TP SOTHOANE | 16H30 |
| | | 15 | MULTI PURPOSE | CLLR ME SEFAKO | 16H30 |
| 30 OCTOBER 2024 WEDNESDAY | HEILBRON | 1 | SANDERSVILLE HALL | CLLR AJ DE JAGER | 16H30 |
| | | 2 | PHIRIHADI PRIMARY SCHOOL | CLLR MJ SERATI | 16H30 |
| | | 3 | KEARABETSWE P. SCHOOL | CLLR MD MOFOKENG | 16H30 |
| 31 OCTOBER 2024 THURSDAY | HEILBRON | 4 | PIANO GROUND | CLLR S NTEO | 16H30 |
| | | 5 | HA – BILLY OPEN SPACE | CLLR MD RAPULENG | 16H30 |
| | PARYS | 9 | NTSHWEPHEPA SCHOOL | CLLR IM MAGASHULE | 16H30 |
| | | 10 | MOSEPEDI SIDE HALL | CLLR MM RANTSAILE | 16H30 |
| | | 11 | CHURCH NEXT TO AHA-SETJHABA | CLLR MTJ MOSEPEDI | 16H30 |
| 5 NOVEMBER 2024 TUESDAY | PARYS | 12 | PARYS SIDE HALL | CLLR M LA COCK | 16H30 |
| | | 13 | SISULU SECTION | CLLR MJ TYUMBU | 16H30 |
| | | 19 | TOKOLOHO SPORTS GROUND | CLLR ES NTHOESANE | 16H30 |
| | KOPPIES | 17 | KWAKWATSI HALL | CLLR D MASOOANE | 16H30 |
| 6 NOVEMBER 2024 WEDNESDAY | PARYS | 6 | MASTER NAKEDI | CLLR BT MOKOENA | 16H30 |
| | | 7 | WINNIE GROUND | CLLR T RAMABODU | 16H30 |
| | | 3 | BARNARD SCHOOL | CLLR IM MAGASHULE | 16H30 |
| 7 NOVEMBER 2024 THURSDAY | PARYS | 10 | JACKPOT CAR WASH | CLLR MM RANTSAILE | 16H30 |
| | | 11 | BOTJHABATSATSI P. SCHOOL | CLLR MTJ MOSEPEDI | 16H30 |
| | | 12 | 16 FOURTH AVENUE OPEN SPACE – VAAL PARYS | CLLR M LA COCK | 16H30 |
| 7 NOVEMBER 2024 THURSDAY | PARYS | 6 | GHADAFFI OPEN SPACE | CLLR BT MOKOENA | 16H30 |
| | | 7 | TAMBO SPORTS GROUND | CLLR T RAMABODU | 16H30 |
| | | 13 | SCHOEMANVILLE HALL | CLLR MJ TYUMBU | 16H30 |
| | | 19 | LEMBETHE SCHOOL | CLLR ES NTHOESANE | 16H30 |

**Dr FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

PUBLIC NOTICE – IDP 2025/26FY

# HERALD Sport

# Heilbron Gholfklub se nuwe fokuspunte vir 2025



*Heilbron Gholfklub se bestuur vir 2025: Die volgende lede is verkies tot bestuur van Heilbron Gholfklub. Op die foto vl: Rikus van Rooyen (Add. Lid), Annemarie Hayward (Tesourier), Willem Loots (President), Zagaria Mholo (Kaptein), Pieter van Staden (Vise President), Ishmael Moketsi (Add Lid) en Shaun Hayward (Sekretaris).*

Dinsdag het Heilbron Gholfklub sy jaarlikse ledevergadering gehou, waar belangrike besluite oor die klub se toekoms gemaak is. Die fokus vir 2025 gaan wees op bevordering van 'n meer gesinsvriendelike atmosfeer en die opknapping van die klub se fasiliteite, alles met die doel om meer lede aan boord te kry en betrokke te hou.

Volgens die klub se nuut verkose President, Willem Loots, is dit noodsaaklik om die gholfklub meer aantreklik te maak vir lede van alle ouderdomme. "Ons wil hê dat gesinne die klub as 'n plek moet sien waar hulle gemaklik kan wees, tyd saam kan spandeer en sosiaal kan verkeer," sê Loots in sy openings toespraak. Jackie Leonard vorige President het in sy presidentsverslag lede daarop gewys dat spelbywoning gekwyn het en beroep gedoen vir lede om meer betrokke te raak.

Met afnemende bywoning en betrokkenheid oor die afgelope jare, is die nuwe bestuur getaak om nuwe maniere te vind om lede te betrek. Die fasiliteite is ook 'n prioriteit vir opknapping, aangesien dit 'n groot rol speel in die algemene ervaring van die klub se lede. Die opknapping sal ook gepaard gaan met nuwe programme en aktiwiteite wat spesifiek op gesinne gemik is. Deur hierdie verbeterings en gesinsvriendelike inisiatiewe, hoop die bestuur om die klub weer 'n bruisende en lewendige plek te maak waar almal welkom voel en waar gemeenskap belangrik is.

Die komende jaar gaan 'n opwindende een wees vir Heilbron Gholfklub.

# Die gevoel van Kersfees kruip al hoe nader



Om die feestyd-gees weer wakker te maak in Heilbron, het die Heilbron Herald en Office National saamgespan om iets spesiaals vir die kinders van ons gemeenskap aan te bied. Ons nooi elke kind, van enige ouderdom tot en met 18 jaar, uit om 'n handgemaakte Kersornament vir ons te maak. Die enigste reëls is dat die ornament nie groter as 10 cm mag wees nie en dit mag nie gekoop wees nie – dit moet uniek en self gemaak wees! Ouers mag wel help, maar nie alles self doen nie (behalwe as dit vir kinders onder 2 jaar is). Elke kind moet sy naam en ouderdom op die ornament skryf en moet woonagtig in Heilbron wees. Dit kan enige tyd vanaf 1 November tot 30 November by die Heilbron Herald ingee word. Maak hierdie feestyd besonders en help ons om die "fees" weer terug te sit in Kersfees!


Ons sien uit na al die kreatiewe en kleurvolle ornamente wat ons Kersboom in ons winkel sal versier.

# Besigheidsliga Week 3


So vining het die sosiale liga verbygevlieg. Salon Youniq Skin het man en muis verras met hulle 2de plek op die telbord. Bayer olv Wynand Nortjé is loshande die voorlopers in die liga. Die twee spanne spook dan ook sake uit in die finaal. Spanne wat deur die loop van die liga goed presteer het, is HBA asook Bronnies en L & T. 31 Oktober 2024 maak die aand op 'n hoogtepunt klaar met 'n skaapbraai en 'n paar pryse.













# NFS Trips

'n Stormsterkte wind is die Noord-Vrystaat Trips te Kroonstad afgehandel en spog Heilbron Rolbalklub mans- en damesspan met bronsmedaljes. Twee spanne uit een klub wat die prestasie behaal is nie algemeen nie. 16 Spanne van elke geslag het om die medaljes meegeding. Saterdag 2 November vind die Valsrivier Viere by ons klub plaas. Vier spanne van Heilbron is ingeskryf en dit beloof om goeie rolbal te wees.

Rietspruit Bemarking
BEMARKING VAN:
- Speenkalwers aan verskeie voerkrale
- Aanteelvee & aankope vir uitgesoekte kopers
- Spesiale veilings & aanbied daarvan
- Eiendomme / plase
Bennie Steenkamp 082 328 4998
Tanya Steenkamp 079 265 2238

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 4 NOVEMBER 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Bennie vd Merwe 082 414 4228
DINSDAG - 5 NOVEMBER 2024
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
WOENSDAG - 6 NOVEMBER 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON: WILLOW BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, Hoëveld Veilingsentrum
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
DONDERDAG - 7 NOVEMBER 2024
FRANKFORT Herdenkingsveiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
VRYDAG - 8 NOVEMBER 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Vetvee veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za